**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

IN DEO SAPIENTIAE LUX

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 4 3 4 | 9 9 0 1 2 8 0 2 8 | 8 | 1754 |

22 JAN 1999

28 JAN 1999

DIE PATRIOT Jg. 19 Nr. 2 P. 4 Dat.

# Politieke geweld

## * Sasria-fonds moet betaal

**Die Sasria-Versekeringsfonds wat oorspronlik gestig is om vir spesiale risiko's, soos skade in politieke oproer te betaal, moet aangewend word vir die doel waarvoor dit aanvanklik ge-oormerk is, sê mnr. Pieter Aucamp nasionale jeugleier van die Konserwatiewe Party.**

Mnr. Aucamp wys daarop dat die ANC-Regering onlangs die reserwes van hierdie fonds aangewend het om staatskuld te finansier. "Ofskoon daar heftige kritiek teen die ANC vir hierdie vorm van nasionalisering was, het die ANC-regering hom eenvoudig nie daaraan gesteur nie."

Mnr. Aucamp sê stadsrade maak "geweldige groot bydraes tot hierdie fonds. Die Stadsraad van Pretoria moet vanjaar meer as R 500 000 aan Sasria-premies betaal."

### Reserwes

"Die toevloei tot die fonds word voortgesit, maar die reserwes van die fonds word aangewend vir ander doeleindes. Dit kom daarop neer dat die verarmde belastingbetalers vanuit 'n ander oord gemelk word om hierdie onbeholpe regering se toenemende staatskuld te finansier!"

"Die voortdurende toename in ernstige misdaad het 'n erg negatiewe uitwerking op die landsekonomie. Gewapende roof, moord en verkragting is aan die orde van die dag. Die liggaamlike en sielkundige gevolge hiervan is geweldig en slagoffers moet dikwels duisende rande se mediese en sielkundige behandeling ondergaan."

### Mediese fondse

"Hiervoor moet of die mediese fondse of die slagoffer self betaal. Verder word versekeraars se premies al duurder ten einde vir toenemende verliese te vergoed."

### Sasria-fonds

"KP-Jeug is van mening dat die Sasria-fonds voortaan ook aangewend moet word om die finansiële gevolge van die geweldige misdaad te dra, spesifiek ten aansien van mediese en sielkundige behandeling," sê mnr. Aucamp.

**TREFWOORDE**

1 KP
2 Kommentaar
3 ANC
4 Belastinggeld
5 Premies
6 Sasria
7 Betalings
8 Skulde
9
10